
# DIE ZASTRONNER



# ZASTRON APTEEK

*Gesondheidsorg en Diens*

PLUS

'n Medikredit-Apteek

SKOONHEID VAN

*Revlon*
*Alexandra de Markoff*
*Yardley*
*Innoxa*

Maandelikse Plus-Promosies en Kompetisies
Alpha-Fotodiens
Green Cross-Skoene
Kaartjies en Geskenke
Sonbrille en Swembadbenodigdhede

**TEL (05542) 54 & 355 *(Huis)* 546 · POSBUS 400 · ZASTRON 9950**

Eienaar/Uitgewer/
Drukker/Redaktrise:
Diana Rautenbach

Adres:
Die Zastronner
Posbus 54
ZASTRON
9950

Tel.: 1821
Boesmanskop

Buiteblad gedruk
deur Sentrapers,
Posbus 380,
Ficksburg, 9730

Menings van medewerkers, rubriekskrywers en korrespondente wat geplaas word, word nie noodwendig deur Die Zastronner onderskryf nie.

Met dank en erkenning aan:
Die Munisipale Raad vir borgskap;
Mnr. Pieter Brink vir die voorbladfoto;
Die kleurskeiding geborg deur die Munisipaliteit;
Die N.G. Kerk Vanstadensrus en Zastron vir hul steun;
Adverteerders en Medewerkers

# REDAKSIONEEL

## TEKORTE AAN GELD LAAT MENS DINK

Finansieel trek almal deesdae swaar. Vir die boere lyk die toekoms donker, besighede kla oor hul dalende omset en werkloosheid en hongersnood is aan die orde van die dag. Dié toestande skets beslis 'n somber prentjie en 'n mens kan niemand kwalik neem wat moedeloos en teneergedruk voel nie.

'n Leersame voorbeeld is egter van die man wat aan die begin van 'n langnaweek, nadat die bank gesluit was, besef dat hy skielik weinig kontantgeld in die huis het. Sy eerste reaksie was 'n gevoel van paniek, maar hy het homself gou reggeruk. Alhoewel 'n "stil" naweek voorgelê het, het hy besef dat hy nie van honger sou omkom nie en dat hy nog baie het om voor dankbaar te wees. Verder het hy besluit om die tyd te gebruik om allerlei sleurwerkies te doen waarvoor daar nie aldag kans is nie. Hy trek toe 'n ou jassie aan om sy klere te beskerm en toe hy sy hand in die sak steek, voel hy twee stukkies papier: twee vergete vyfrandnote!


'n Mens kan jou net indink hoe "skatryk" die man op daardie oomblik gevoel het, maar dit het my ook verder laat dink: Moet ons nie 'n slag verby ons tekorte aan geld kyk nie? Is ons nie so verstrengel in die gevolge van die droogte, ons benarde finansiële posisie, dat ons vergeet dat daar 'n Hoërhand is wat van alles weet en elkeen se "tekorte aan geld" ken nie?

Dalk word ons op hierdie wyse gedwing om die "ou jassie" wat vergete en vol stof in die rak lê, nader te trek - Want daarin staan immers geskryf: "Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet of drink nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het. Maar, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee."

**REDAKTRISE**

Geregistreerde Nuusblad

# B R I E W E



*Lesers is welkom om hul mening te lug. Briewe moet onderteken wees en 'n volledige adres hê. Stuur dit aan Posbus 54, Zastron voor Donderdag, 21 Mei 1992.*

## OMSENDBRIEF 'N WARE LIGSTRAAL


Liewe lesers
Ek lees nou onlangs in 'n tydskrif dat jou hare vinniger groei wanneer jy verlief is, maar dat dit ook vinniger uitval as die romanse iets van die verlede is! Wel, as ek dan so na die talle bleskoppe rondom my kyk, dan lyk dit nie juis of die liefde op Zastron floreer nie!

Maar wag, alle grappies op 'n stokkie. Sinterklaas wil graag vandeesmaand sy opregte waardering teenoor die nuwe skoolhoof uitspreek vir sy bedagsaamheid.

'n Omsendbrief met 'n duidelike uiteensetting van die volgende dag se rugby- en netbalkragmetings teen Rouxville is aan ouers gestuur. Sinterklaas kon werklik nie sy oë glo toe my kleinkind presies weet hoe laat hy die bepaalde dag op die veld draf nie. Die meeste ondersteuners sal seker met my saamstem dat dit voorheen 'n groot bron van frustrasie was om reeds vroegoggend langs die veld te staan - net om te hoor: "Nee, Oupa, ons moes maar so vroeg hier gewees het, maar ons span speel eers teen 12h15. Oupa, sal maar moet wag!"

Ek is seker hierdie omsendbrief het nie ongesiens verbygegaan nie. Hou gerus so aan.
Sinterklaas.


**Troufoto's**



**Rhyno Kriek**

☎ (051) 300167

VANANCO
Groothandelaars
ZASTRON

AGENTE VIR

Sentraalwes (Kooperatief) Beperk

Sasko

Kom vergelyk ons pryse

VRA VIR RONNIE OF MIKE

TEL 346 179

# RAAD AAN NUWE INTREKKERS

**DEEL VAN GEMEENSKAP VAN ZASTRON SKRYF:**

In reaksie op die brief van mnr. en mev. Heymans (Die Zastronner, Maart 1992) noem ek dit dat baie "vreemdelinge" na Zastron gedwing word, hetsy deur werksomstandighede of deur 'n huwelik met 'n Zastronner. Uit persoonlike ondervinding asook deur waarneming deur die jare, word enigeeen in 'n gemeenskap aanvaar, indien hy ook van sy kant af deel wil wees van die gemeenskap.

Hoe word ek deel van 'n gemeenskap? Deur uit te beweeg en nie te sit en wag dat die gemeenskap na my beweeg nie! Sluit aan by die talle verenigings, soos die boerevereniging, sportklubs, die landbougenootskap, die leserskring, of die talle vroue-organisasies, soos byvoorbeeld die V.L.U., die tuinbouklub of die verskillende aksies binne die kerk.

Sal mnr. en mev. Heymans nie na hulle bogenoemde raad gevolg het, weer reageer en laat ons hoor of hulle steeds nie aanvaar word nie.

## "EK WAS NIE DIE SKRYWER!"

**MNR. KOOS GREYLING VAN ZASTRON SKRYF:**

In simpatie met skrywer van "Moenie vergeet om te betaal" in Die Zastronner van Februarie 1992, wil ek net graag sê dat ek weet waarvan hy skryf. Maar meneer asseblief teken net jou naam as jy kla, want almal neem aan dat ek die skrywer was.

Soortgelyke reaksie is van ander stroper-kontrakteurs ontvang. - Red.

## KAN U DALK HELP?

**Mnr. Piet Wessels, Vanstadensrus skryf:**

Wyle mnr. Van Zyl Cronjé, van die plaas Trianon, Boesmanskop het tydens sy siekte 'n brief uit West Horsley, Surrey, Engeland, ontvang waarin navraag gedoen word na die afstammelinge van die De Cerjat-familie.

Volgens die skrywer van die brief, mnr. James Lickley, het ene Frederick Charles de Cerjat in 1908 op Trianon, Boesmanskop gewoon. Enige inligting oor die Cerjats word aangevra.

Kan u miskien help? Mnr. Cronje het gevra dat ek die brief beantwoord. Kontak die redaktrise of P.W. Wessels, Posbus 2, Vanstadensrus of tel. 1212.

## PRETTIGE KOMBUISTEE GROOT VERRASSING

**MEV. HELéNE SNYMAN, VOORHEEN BOTHA van Zastron skryf:**

Ek was veronderstel om op Maandag, 16 Maart, 'n groep dames by 'n Tupper-partytjie oor Leer en Aktuele Sake toe te spreek, maar voordat ek nog by sulke ernstige sake kon uitkom, word ek verwelkom met 'n pragtige halssnoer van "Eighteen Carrot Gold" en 'n stapel pakkies wat wag om oopgemaak te word!

Baie dankie aan almal wat meegehelp het aan hierdie wonderlike verrassing, wat my geheel-en-al onverhoeds betrap het. Julle liefde en omgee is iets kosbaars, wat ek in die dae wat kom, altyd sal onthou en koester.

Let wel - die "Carrot" is nie 'n spelfout nie - die halsnoer was regtig van "carrots!" - Red.

## ONDERSTEUN U OOGFEES

MEV. KAREN BOTHA VAN ZASTRON skryf:

Soos brood sonder botter! Dis daar maar nie so lekker. Dis die Oogfees, sonder u ondersteuning.

Hierdie fees beteken nie net opwinding vir die dorp nie, maar ook inkomste en publisiteit wat weer lei

**VAN REENEN & SEUN**

*Agter BP-Vulstasie*

Algemene reparasiewerk aan enige diesel- of petrolvoertuig deur senior gekwalifiseerde werktuigkundige

Ons doen ook sweiswerke

**TEL. 502** Na-ure tel.378

tot groter ekonomiese welvaart. Dit word nie gehou vir die lede van die Landbougenootskap nie, maar vir u as inwoner van Zastron. U is tog die persoon wat op die ou end gaan baat as daar meer geld in die dorp in omloop is. Ure se harde werk en beplanning is ingesit om dit te laat plaasvind, maar sonder elkeen van u se teenwoordigheid, was dit eintlik nutteloos en defnitief nie so lekker!

Kom ons smeer botter op die brood en laat staan vir eers die onbetrokken-heid wat ons almal so teister. Kom ondersteun u Oogfees!

Die finale program van die fees verskyn elders in Die Zastronner.

## BAIE DANKIE

**MARTIE, MARIAAN EN ANNA-MARIE SMITH van Zastron skryf:**
Graag wil ek die gemeenskap van Zastron hartlik bedank met die bystand en ondersteuning wat hulle my gebied het tydens die afsterwe van Fanie. Dit word opreg waardeer. Elke handdruk, telefoonoproep, kaartjie en blom het die hartseer wat ons moes deurmaak ligter gemaak. Nogmaals baie dankie.

**TIENIE VAN ROOYEN van Zastron skryf:**
Ek wil van hierdie geleentheid gebruik maak om my opregte waardering uit te spreek teenoor almal vir bemoedigende woorde, ruikers, kaartjies en telefoonoproepe wat ek ontvang het met die verlies van my oudste seun. Baie dankie ook aan almal wat my in die hospitaal of by die huis besoek het.

***DIE UNIE***
***DRANKWINKEL***



**Posbus 2**
**3**
**Tel. 6**

**Ons waarborg**
**persoonlike aandag**

***Dawid en Elsabe Jordaan***

## M E I - D A G B O E K

1 Werkersdag
1-2 Oogfees
5 Rugby: Zastron vs Dewetsdorp
7 Gideons
8 OVV
Ouerleidingkliniek
9 Gholf Myburghbeker
OVS Platteland proewe Henneman
10 Voorbereiding
12 Tuinbouklub
14 Gideons
15 Bewaringskomitee
16 Gholf: borgdag
Rugby: Wepener vs Zastron
17 Nagmaal
18 Laerskool debat
20 OVS platteland proewe finaal
22 Distriksboere-unie
23 Rugby: Reddersburg vs Zastron
27 VLU
28 Hemelvaart
30 Gholf:Klub kampioenskappe

## KLEUTER-KWINKSLAE UIT PINOCCHIO KLEUTERSKOOL

Nonnie kon nie die woord gister onthou nie en vra: "Wat is een-slapie terug se naam nou weer?"

Tanya verstaan nie klein Bradley se taal so mooi nie en toe haar mamma vra wat Bradley praat, sê sy: "Hy praat pienk!"

Juffrou vra: "Kan julle onthou wat was Abraham se seun se naam?" Deon antwoord: "Ja, dit was mos ou Sakkie!" (Hulle bure se seun wat Isak is, word Sakkie genoem)

Die vierling het 'n oulike naam vir hulle hond uitgedink: Piesang-Piesang-Paw-Paw.

Vraag: Wat gaan jy eendag word?
Ninette: 'n Feëtjie
Ewert: "'n Cowboy"
Gerrie: Ek gaan 'n "army" wees.
Tiens: Vyf
Morné: Ek gaan met hout werk. My pa het twee sage - ek gaan met die rooie werk.
Judy: (baie defnitief) "I'm not gonna be a mother!"
Wilma: "Ek gaan koffie maak."

Riaan: "Saterdag hom drie 'klappe' by ons stoei gegee."

Judy: "Look I've got a new "broeks".

Shaun: "Weet juffrou, die Munisipaliteit se Kersvader het met 'n tipe grassnyer gekom."

## E K H O O R ....

### Geboortes

Op 1 April is Tossie en Charmaine Smith se eersteling, 'n dogtertjie gebore.

### Heengegaan

Op 27 Maart is mnr. Van Zyl Cronjé van die plaas, Trianon, Boesmanskop oorlede. Hy was 53 jaar oud.

Elana Klopper se vader, mnr. M.C. Meyer van Rouxville, is op 16 April oorlede.

Mnr. Piet van der Hoven van Boesmanskop is op 23 April te Grahamstad oorlede.

### Siektes

Met die ter perse gaan, was die volgende pasiënte in Zastron-hospitaal: Mev. S.W.S. Coetzee,


SPRINGBOK KAFEE
Zastron

Tel. 46

*Ons lewer 'n*
*Eenstop-diens*

**Probeer gerus ons vleispasteie, vis en skyfies**

*Ons bak daagliks*

TEEKAMER

mev. A.N. Smit, mev. Cora Rhoode en mev. Arnold.

**Huwelike**

Mnr. Dirk Snyman en mev. Heléne Botha is op Sondag, 29 Maart in die huwelik bevestig.

Fritz, seun van Moira Fenwick is op 4 April getroud met Adri Botes van Bloemfontein.

Jos en Dorothy Hoffman se dogter, Ronel het op 4 April met Chris Bekker van Bethlehem in die huwelik getree.

**Mei-Verjaardae**
**Huis Vergesig**

6 Mev. Joey Henning
18 Mev. J.M. Koen

**N.G. Kerk Zastron**

2 Bruns Steenkamp
3 Toekie van der Bank
6 Jannie Eloff
7 Danie Terblanché
10 Henning Botha
11 Pieter Swart
12 Fritz Fenwick
13 Gert Brits
14 Tina Greyling/Sanette Swart
15 Lelani Botha
17 Andries Booyzen
20 Bettie Gordon/Baby Jansen
22 Hilda Rochér/Hester Moss
25 Danie Cronjé/Ester Jordaan/Kobus Botha
27 Dora Joubert/Snowball van Ronge/Annatjie van der Walt
29 Alta Heyns

**Vanstadensrus**

2 George Ingram
6 Johnny Smith
10 Annetjie Heyns
14 John Wessels/Allie Bantjes
18 Marina Viljoen
20 Pollie Prinsloo
23 Willa Greyling

**Verhuising**

Debbie Smit verhuis na Bloemfontein en wil vir al die Zastronners baie dankie sê vir al die vriendskap en vriendelikheid. Ook groete aan almal by wie sy nie kans gehad het om self te gaan groet nie. Sy dink met liefde aan almal.

**Nuwe Intrekkers**

Mnr. S.K. van Heerden van Reichenbergstraat, mnr. P.F. van Zyl van Oranjestraat 7, en J. van Pletzen van Matheestraat 27.


EXPERT
TWEEDEHANDSE MEUBELS
*Nou waar Wanda Winkel was*

Koop en Verkoop meubels
met jare se ondervinding

***Gratis kwotasies op Ingeboude kombuis- en slaapkamerkaste***

Kontak R.W. SMITH
TEL. 358
ROUXVILLE

# CHAMPION DISTRIBUTORS

***Softs wholesale***
*for shop & store owners*

**All School Shoes** **Ladies Fashion Wear**
**Mens Wear** **Childrens Wear** **Baby Wear**

**prop. M.A. MARTIN** **Tel. 522**
**Zastron**


## EK HOOR (VERVOLG)

### Algemeen


Tydens 'n algemene jaarlikse vergadering van die Zastron Sakekamer is die volgende bestuur verkies: Voorsitter - Flip de Wet, ondervoorsitter - Alex van Rensburg, Sekretaris - Martin Botha, Add. lede - Manie Botha, Chris Crous, Anton Lamprecht.

Twee gekwalifiseerde arbeidsterapeute, mevv. Ilse Brüning en Hilda Rochér het vandeesmaand 'n praktyk op die dorp begin by die spreekkamers van dr. Swartz en Van Rooyen. Die terapeute sal hul veral toespits op kinders met leerprobleme. Mense wat meer besonderhede verlang, kan met hul skakel by tel. 247.

Verskeie veedlefstalle het vandeesmaand voorgekom - mnr. Koos van Tonder van Mooifontein vermis ses skape, op die plaas, Smutshoek is 2 skape gesteel. Vyf beeste word op die plaas, Springvalley vermis, mnr. Hennis Swanepoel het diefstal van een skaap aangemeld en mnr. Hannes Calitz vermis 10 beeste.

Op die plaas, Lizmore van mnr. Gawie Hoffman is ingebreek en goedere ter waarde van R1 200 is gesteel. Op die plaas, Wanatha, van mnr. Naas van der Hoven is 'n perdesaal gesteel. Kontant ter waarde van R1 200 is vandeesmaand uit motorvoertuie gesteel. Ses swart mans is gearresteer. Die polisie doen 'n ernstige beroep op die publiek om hul voertuie ten alle tye te sluit.

Mnr. Frik Viljoen, voorheen skeerdienskoördineerder van BKB is bevorder tot hoof/skeerdienste en woon nou te Zastron. Hy sal hoofsaaklik vir die werwing en opleiding van alle skeerarbeid in die RSA verantwoordelik wees. Hy is getroud met Mareta en hulle het twee kinders: 'n dogter wat op Tukkies studeer en 'n seun in standerd nege aan die Hoërskool Standerton.




## Vir die vervoer van:

- Boumateriaal.
- Lewendehawe binne 300 km.
- Meubels – enige afstand.
- Plaasprodukte binne 300 km.
- Alles en nog wat.

*8 Ton vragte*

## Sementstene:

- Breë 6 duim stene @ R1,75 per steen.
- Smal 9 duim stene @ R1,55 per steen.
- Alle pryse sluit BTW uit.

## Besproeiingskoringsaad:

- SST-86. Eerstejaar kommersiële saad, R50,00 vir 50 kg.

Setwerk op rekenaar gedoen deur:
Dora-Mari van Vuuren, Tel. 333836 Bloemfontein.

# KULTUUR-HISTORIESE SKAT VERGETE OP ZASTRON
## Piet Wessels

"Toe die redaktrise my onlangs vra om besoek te bring aan die Johanna-biblioteek hier op Zastron, het ek die geleentheid met albei hande aangegryp. Want is daar iets lekkerder of interessanter as om in 'n ou gebou tussen al die oudhede rond te krap?

En so het dit gebeur dat ou Julie en ek 'n paar dae gelede die sleutel van die gebou gekry het en ons dit besoek het. Eers het ek om die gebou geloop en agter gevind dat dit 'n kuierplek van leeglеërs geword het. Darem ook nie te erg nie, want die leë bierbottels en die blikkies was nie te veel nie.

Voordat ek verder gaan, net eers die volgende: Die Johanna-biblioteek is in 1938 opgerig na 'n bemaking deur mev. Hannie Swanepoel, met die voorwaarde daaraan verbonde dat daardie gebou nie verander, verbreek of vergroot mag word nie. Toe dit later blyk onvoldoende te wees en hierdie voorwaardes uiters stremmend was, is die nuwe moderne biblioteek in 1977 opgerig.

Sedertdien is die Johanna-biblioteek in die sorg van die Afrikaanse Sakekamer waar mnr. Alex van Rensburg veral 'n groot belangstellende is.

Nouja, toe die deur van die Johanna oopknars, toe is dit vir my of ek die verlede betree. Alles was stowwerig en om een of ander rede het daar 'n klomp blare ingewaai. Dit was duidelik dat die Johanna nie veel aftrek kry nie en min besoek.

'n Kykie in die besoekersboek het dit ook bewys. Sedert 2 Desember 1977 is daar net 34 inskrywings in die besoekersboek gedoen, almal Zastronners, en net een uit Bloemfontein, mnr. D.L. Olivier van die Oorlogsmuseum.

Zastron, O, Zastron! Julle sit met 'n kultuur-historiese skat in julle midde en dit roep om ontwikkeling en




uitstalling. Alle eer aan Alec wat deur die jare probeer het om iets te verrig, maar hy kan alleen nie die mas opkom nie.

'n Kykie rond in die ruim vertrek het sommige van die volgende oudhede opgelewer:

* Die oorspronklike grafsteen van Renier de Winnaar.
* 'n Kruithoring wat geskenk is deur mnr. Walter Swanepoel en wat in 1848 tydens die slag van Boomplaats gebruik is.
* 'n Advertensiebord van RC Ols Cycle Dealer uit die twintigerjare.
* Fossielplante wat 180 - 200 miljoen jaar oud is.
* 'n Pamflet wat in 1925 in Zastron gesirkuleer is deur Jan Huisma. "Wil u die laaste pennie van u wol se waarde hê, kom sien my dan. Indien nie, bly weg."
* Ploegskare van 'n horingoue ploeg. Die enigste ander is in 'n museum in Pietermaritzburg.
* 'n Vetkersvorm wat 231 jaar oud is.
* Voortrekkerkappies
* Historiese foto's uit Zastron se verlede.
* Ook Die Volksblad van Maandag, 14 Oktober 1929. Daarin word berig van die jaarlikse sendingbasaar wat 100 pond "opgebring" het. Tydens 'n veeveiling was die prys vir hamels 12 sjielings en drie pennies in die ou taal, ou ooie ses sjielings en drie pennies en perde vier pond tien. Die koerant berig ook oor die verwoestende brand wat die N.G. Kerk in puin gelê het en 4 000 pond se skade aangerig het.
* Daar is 'n voorbeeld van genl. Roberts se veelbesproke briefbom waarin burgers tydens die Tweede Wêreldoorlog aangeraai is om die wapen neer te lê en huis-toe te gaan.
* Daar word dit ook bekend dat die eerste Zastronner wat 'n motor besit het, was oom Willie Balju, of soos hy ook bekend was, oom Willem Havelock. Dit was in 1909. Die tweede eienaar van 'n motor was mnr. Kallie van der Merwe, 'n Willis Overland in Desember 1909, en genl. Jan Hendrik Olivier van Olifantsbeen, 'n motor in die volgende jaar.
* Daar is ou notule boeke, ou koerante uit 1933, 'n mooi foto van mev. Hannie Swanepoel, en ook 'n tamaai ou groot grammafoon wat eens op 'n tyd gesteel is en later in Zastron se swart dorp teruggevind is.

Wat 'n aangename tydjie het ek nie in die Johanna-biblioteek deurgebring nie! En dit was toe ek weer die deur agter my toesluit dat ek begin droom. Ek sien 'n netjiese gebou, met 'n kuratrise. Ek droom van netjiese geskiedkundige uitstallings met alles wat bekend is oor hulle. En dan ook baie belangrik, ek droom dat die Johanna ook sommer Zastron se inligtingssentrum of kantoor is.

Ek wil sover gaan om te sê dat Zastron nie sy deel van die toeristekoek kan kry as die Johanna nie ontwikkel word nie."



## UITSLAG VAN TUSSENVERKIESING

Die kiesbeampte, mnr. C.H. Cordier berig as volg: Ingevolge die bepalings van artikel 37 van Ordonnansie no. 8 van 1962, soos gewysig, word hiermee bekend gemaak dat die uitslag van die munisipale tussenverkiesing gehou op 15 April 1992 soos volg is:

1. W.J. Bester - 188 stemme
2. O.A. Breytenbach - 173 stemme
3. G.G. van Zyl - 38 stemme

**Mnr. W.J. Bester , verkose lid van die Munisipale Raad van Zastron skryf:** "Hiermee wil ek graag alle kiesers wat die vertroue in my gehad het om vir my te stem van harte bedank. Aan alle persone wat my behulpsaam was tydens werwing van stemme en op verkiesingsdag my opregte dank. Ek belowe om u belange na die beste van my vermoë te behartig."

## REKLAME VELDTOG WEER SUKSESVOL

Op 7, 8 en 9 April is daar weer 'n reklame-padstalletjie langs die hoofpad gehou. Motoriste is voorgekeer en met 'n inligtingstuk en afslagbewys die dorp binne gestuur. Verversings is vir die besoekers in die dorp aangebied. 'n Lys van besighede met spesiale afslagpryse is aan hul bekend gemaak en daar is heerlik gesels oor Zastron se besienswaardighede en pragtige omgewing. Altesaam 30 motors is tydens die veldtog op Zastron getrakteer.

## PASSIESPELE OP ZASTRON

'n Passiespel-opvoering is op Vrydag, 17 April in die Stadsaal gehou. Na vele teleurstellings vir die regisseurs, mnre. Lourens Cilliers, Arthur Molepo en Tonny Nene, is die produksie op kleiner skaal aangebied. Joernaliste van Die Vrye Weekblad was teenwoordig om publisiteit aan die gebeurtenis te verleen.

Sanlam

Waar u toekoms tel

Boedel & Aftrede beplanning

Belasting besparing

Beleggings & Finansiering

Versekering

**Plaaslike Verteenwoordiger**

**DAPPER DE WET**

**TEL. ROUXVILLE 143**

Kantoor ure (08h00 - 13h00)

# BOOTS-'N-ALL

**Posbus 449** **Zastron**

**Pragtige kleure Pinquin wol**
**Materiale, Skoene, Baba-afdeling**
**Skryfbehoeftes en Speelgoed**
**Alle naaldwerk-benodigdhede**

**Tel. 206**


## KOMPETISIETYD

Hierdie maand is 'n R25.00 geskenkbewys van ZASTRON SLAGHUIS op die spel.

Zastron se besienswaardighede en pragtige omgew...

**Vraag 1**: Watter bemarkingsveldtog is deur die Publisiteitsvereniging op 7,8 en 9 April 1992 gehou?

**Vraag 2**: Op watter bladsy in die nuwe brosjure van Zastron, word die Oogfees genoem? Bl. 11


**Reëls**

Die beoordelaars se beslissing is finaal en geen korrespondensie sal aangegaan word nie. Die wenners sal skriftelik in kennis gestel word en hul name sal in Die Zastronner verskyn. Die prys is nie oordraagbaar nie. Antwoorde moet voor of op 31 Mei 1992 die volgende adres bereik:

Mev. K. Botha
Posbus 20
ZASTRON
9950

**Wennner**

Die wenner van die Februarie-kompetisie en R25.00 geskenkbewys van Zastron Apteek is mej. Erika Brüning. BAIE GELUK!!




# PROGRAM

**DONDERDAG, 30 APRIL**

07H30 - 08H00: Slaglammers aflaai by abattoir

**VRYDAG, 1 MEI**

07H30 - 09H00: AANKOMS VAN VEE - Aflaai van jong ooie en inweeg van vee
09h00: WEGSPRING VIR ALLE "LAATWAAIERS" - Perderuiters, Drawwers, Stappers, Fietsryers, Pomptrollie, Motorfietse
09h30: WILLIE BENADÉ EN ELMA
Jongooi beoordeling
09h45: "LAATWAAI" EINDIG BY SKOUGRONDE
10h00: OPENING
10h15: LOSLAAT VAN DUIWE
Vers/koei beoordeling
10h20: TROETELDIER BEOORDELING
11h15: MEJ. OOGFEES UITDUNNE
UOVS se joolkoningin een van die beoordelaars
11h45: SLAGLAM AAN DIE HAAK BEOORDELING
12h30: WILLIE BENADÉ EN ELMA
13h00 - 14h00: TRADISIONELE MIDDAGETE met disse soos afval, beesstertbredie, rugstingpastei
14h00: TRADISIONELE DANS-DEMONSTRASIE - Elize Pretorius en haar KOVSIE dansgroep
14H30: VERWELKOMING: NUWE INTREKKERS
15h30: PAK MANDJIES VIR TREINRIT
16h00: STOOMTREINRIT NA ROUXVILLE (Platberg Boere-orkes aan boord) Dans ook die polka en seties saam met die KOVSIES op Dansters. Pap-en-Wors ete ingesluit.

**SATERDAG, 2 MEI**

07h30 - 09h00: AFLAAI VAN VEE - Slaglammers, Ooie, Lammers
08h30 - 09h30: SJAMPANJE ONTBYT
09h30: ROFSTOEI
11h00: PA/SEUN VLIEëR KOMPETISIE EN WILLIE BENADÉ EN ELMA MAAK MUSIEK
11h30: TEE VIR BEJAARDES
BEOORDELING VAN SLAGLAMMERS EN OOI/LAM
12H00: MA/DOGTER KOMPETISIE
12h30: SIMBA DIE LEEU VERMAAK
13h00 - 14h00: Tradisionele middagete
14h00: SKATTEJAG
14H30: SKAAPTEL-KOMPETISIE EN WILLIE BENADE EN ELMA
15h00: PRYSUITDELING
16h00: GIMNASTIEK VERTONING
20h00: OOGFEESDANS!!!!
Kroning van Mej. Oogfees

Nico, seun van mnr. en mev. Harm Steyn van Zastron het puik presteer tydens die S.A. Spele vir Verstandelik Erg Gestremdes soos gehou op 25 en 26 Maart te Bloemfontein.

Dit was die derde agtereenvolgende jaar wat Nico lid van die Vrystaatspan was en het in gewigstoot, swem en 80 m naellope deelgeneem. Al vier provinsies, asook drie ander streke het meegeding.

Nico het 'n eerste plek (goue medalje) in die gewigstoot-item vir Downs-seuns onder 17 behaal, asook 'n tweede plek in die vryslag-swemitem oor 25 m vir dieselfde ouderdomsgroep. In die 80 m naellope het hy ongelukkig uitgeval. Alhoewel die vriendelike Nico nie heeltemal die omvang van sy prestasie kon begryp nie, is sy ouers dankbaar en met reg trots op hul seun. Hulle wil dan graag ook almal bedank vir hul belangstelling en gelukwensing. Dit is opreg waardeer.



**NICO STEYN**


# ZASTRON DRUKKERY

Vir al u drukkersbenodighede

*Troukaartjies*
*Briefhoofde*
*Faktuurboeke*
*Pamflette*
*Setwerk en sny van papier*

Vir flinke en vriendelike diens

**Ons verskaf gratis kwotasies**

Kontak Elmo of Dermott Cusens

Tel. 36 of na ure 430 / 504

Voorbeeld: A B C D E F G H I J

**SKEERDIENSTE**

**Klasser ook beskikbaar**

*KONTAK*

**S. VAN DER WALT**
**Tel. 1502**
***Vanstadensrus***

**GREYLING-VERVOER**

bied aan
Algemene vervoer van
tien ton vragte aan

* ***Lewende Hawe***
* ***Meubels landwyd***

(Toe vragte)

Vir meer inligting skakel
**KOOS GREYLING**
**TEL. 3302 ZASTRON**

'n Jaar gelede het miltsiekte op Rooiwal in die Transkei uitgebreek. Talle boere het daarna hul vee teen die vreeslike siekte ingeënt. "Aangesien die entstof net vir een jaar doeltreffend is, is dit in die boere se belang om nou weer te ent," so sê die veearts, dr. Rob Brüning. Die siekte is 'n nommer een verklaarde siekte, dit wil sê inenting is verpligtend.

Miltsiekte word deur 'n bakterie veroorsaak wat lank in die grond kan oorleef. Navorsing in die Kruger Wildtuin het aan die lig gebring dat die bakterie tot 300 jaar in die grond kan bly lewe. Die siekte veroorsaak vinnige vrektes, in veral herkouers met die enigste simptome bloeding vanuit alle liggaamsopeninge. Alle soogdiere, insluitend die mens, is vatbaar vir miltsiekte.

Daar baie boere nou weer sal moet ent, is daar darem goeie nuus by die slegte. By sekere instansies op die dorp is daar nog entstof teen die ou pryse beskikbaar. Die nuwe Onderstepoortprys is tans R30-00 sonder BTW.

## AASVOËLS SE DAE GETEL

Die afgelope twee jaar is daar noukeurig rekord gehou van die aantal aasvoëls op Aasvoëlberg. Teen die huidige tempo waarteen die getalle afneem, is dit onwaarskynlik dat daar oor drie jaar nog enige aasvoëls op die berg sal wees.

Ongelukkig is die drastiese afname grootliks te wyte aan die onverantwoordelike gebruik van gifstowwe. Indien wel van gifstowwe

gebruik gemaak moet word, moet die lokaas buite sig van enige voëls, insluitend uile geplaas word en slegs in die nag gebruik word. 'n Ander faktor wat probleme skep is die tipe monteering wat gebruik word vir die kraglyne naby Aasvoëlberg. Die veiligste is 'n driehoekvormige tipe en Eskom het onderneem om die huidiges daarmee te vervang indien enige voël doodgeskok sou word. Boere wat moontlik op sulke aasvoëls mag afkom, word versoek om met die veearts te skakel sodat dit sonder versuim gerapporteer kan word.

## MONITERING VAN VELDTOESTAND

Zastron Bewaringskomitee het besluit om nie vanjaar 'n grasdag aan te bied nie, maar om elke boer die geleentheid te gee om vas te stel in watter toestand sy veld is.

Enige boer wat belangstel, kan die voorligtingskantoor kontak, waarna sy naam op 'n lys geplaas sal word vir beoordeling. 'n Puntopname van 200 grasse sal op elke plaas gedoen word. Die gegewens sal aangeteken word en die opname sal elke jaar herhaal word. Sodoende kan boere vasstel of sy veld agteruitgaan of verbeter.

Boere sal slegs nodig hê om twee vaste punte te merk. Die opname sal dan elke jaar tussen dieselfde twee punte gedoen word.

Dis nie 'n kompetisie nie en word nie met die buurman s'n vergelyk nie. Belangstellendes moet so gou as moontlik reageer, sodat opnames 'n aanvang kan neem.


Karoo-Ochse

Onthou ons
SPESIALE
JONGVEEVEILING
ten bate van
ZASTRON HOËRSKOOL
op
WOENSDAG, 20 MEI 1992

*Navrae:*
Inus van Schalkwyk
Tel. 151





MODEL SLAGHUIS

*Ons spesialiseer in*

*Gerookte Varkboude*

*Skaap- en Varkribbes*

*Rookwors en nog vele meer*


Eien. G.J.J. Schoeman & G.J. Marais

TEL. 188

# ZASTRON-EVA'S VIER FEES

"Kom saam en drink 'n koppie tee, op Kliprand doen die vroue mee, 'n bietjie dit, 'n bietjie dat, 'n bietjie van alles en nog wat. Graag sal ons jou daar wil sien - op 9 April om kwart voor tien." Só 'n uitnodingskaartjie het onlangs in Die Zastronner se possak beland en tipies vrou, het die nuuskierigheid die oorhand gekry en die geleentheid is bygewoon.

Mev. Serah Bekker het aan die gaste vertel dat sy reeds 'n geruime tyd so 'n bymekaarkom-geleentheid vir vroue in gedagte gehad het en dat sy in ondersteuning van mevv. Annemarie Swartz en Marianne Jordaan haar planne tot uitvoer kon bring. Dit sal afwyk van die gewone, daar geen konstitusie, geen voorsitter, of geen ledegeld ter sprake sal wees nie. Eva's sal om die beurt geleentheid kry om "feeste" van hul keuse aan te bied.



**Program**

Terwyl heerlike tee en verversings geniet is, is kort insette oor onder andere geldsake, musiek, vakansies, rolprente, teater-opvoerings, tuinbou, boeke en nog meer gelewer. Ook klere het nie agterweë gebly nie en die jongste modes is aan die gaste vertoon.

Asof dit nie genoeg was nie, het drie dames ook die geleentheid gekry om hul slag met die omruil van 'n motorband te wys! Gelukkig was mnr. Daan Bekker op die plaas en kon hy 'n handjie bysit en selfs 'n wenk of twee uitdeel.

Te gou was die oggend verby, maar een ding is seker - eva'sfeeste het gekom om te bly. En met die huiswaarts keer, het ek geweet, dis lekker om vrou te wees, en voorwaar 'n fees om 'n eva op Zastron te wees!



Foto bo: Wat is 'n fees nou sonder 'n koppie tee en 'n lekkerny of twee? Mevv. Elma Smit, Annemarie Swartz, Serah Bekker en Hannatjie Jordaan by die keurig gedekte tafel in pienk en wit.

Foto onder: Om 'n pap wiel om te ruil, moet alle vroulikheid oorboord gegooi word as jy wil sien waar die domkrag pas!




**PRAGTIGE LINNE**

**TEEN BILLIKE PRYSE**

**Kontak vir Ria de Kler**
**Tel. 570**


*Dubbelbed duvet- en kussingoortreksels @ R59.0*

*Dubbelbedlakens en kussingslope @ R59.0*

*Sesstuk bedstelle @ R189.00*
*Verekussings*

Kom kyk gerus,
dis die moeite werd

# R E N D E Z V O U S
# GEBRUIKTE MOTORS
## LADYBRAND



**TEL. 2936/2729**

NA URE: T. Nel 2441
T. Lourens tel. 2101
L. Steyl 40821
E. Lehasa 40088

**B T W INGESLUIT**

| | |
|---|---|
| 1991 Citi Golf 21 000 km | R24 200 |
| 1991 Golf CLS + Air/C Rad/T Red | R33 550 |
| 1990 Toyota Cressida GL I 6 Man 37 000 km | R42 900 |
| 1990 Nissan Sentra SX Like new | R24 530 |
| 1990 Uno Fire Very Good | R21 890 |
| 1990 BMW 735 I Full Serv/Rec | R149 600 |
| 1989 Toyota Hi-Ace Super 14 + Serv/R 65 000 km | R42 900 |
| 1989 Toyota Cressida GLI 6 Man Ext. 62 000 km | R42 350 |
| 1989 Audi 500 SE Man Full/H + Serv/R | R53 900 |
| 1988 Mercedes Benz 200 Man Full/H 67 000 km | R69 300 |
| 1987 BMW 525 E Man Very Good | R31 900 |
| 1987 Toyota Corolla 1.6 GL | R20 460 |
| 1987 BMW 320 I. Man. Full/H | R37 400 |
| 1985 Escort Sport 5 Door Sport Very Clean | R14 960 |
| 1984 BMW 323 I Man Very Good Cond. | R28 000 |
| 1991 Nissan 1 600 One Tonner 17 000 km | R28 160 |
| 1990 Toyota Hi Lux 1800 SR | R28 380 |
| 1990 Toyota Hi-Lux 2.4 Diesel L.W.B. 67 000 km | R32 450 |
| 1989 Isuzu KB 230 LE 4x4 + Airc. + Canopy | R41 800 |

## DISTRIKS-HULPKOMITEE NOU HIER

Soos reeds deur die media bekend gemaak, het die Regering R20 miljoen beskikbaar gestel aan boere en plaaswerkers wat deur die droogte en haglike boerderytoestande geraak is.

Op Zastron is 'n komitee saamgestel om hierdie aspek te hanteer en die nodige vorms is by Ludwig Deetlefs, Voorligtingsbeampte, asook by die sekretarisse van die twee boereverenigings beskikbaar.

Aansoeke sal slegs oorweeg kan word indien die aansoeker die vorms volledig voltooi en die nodige stawende dokumente aanheg. Hulpverlening sal nie in die vorm van geldelike hulp wees nie, maar is beperk tot basiese voedsel.

'n Beroep word op alle persone gedoen om oplettend te wees en gevalle waar nood heers onder die aandag van die voorsitters van die boereverenigings te bring. Dit is nodig dat boere hande vat en mekaar in hierdie sensitiewe saak onderskraag en die nodige ondersteuning gee. Die komitee voel egter dat daar nie nagelaat kan word om te besef dat die distrik baie genade van Bo ontvang het nie en dat daar in gebede aan hulle gedink moet word wat nie so gelukkig is nie.

## LIONSKLUB

Die Lions vergader weer op Maandagaand, 4 Mei by die Gholfklub.

'n "White Cane"-insamelingsveldtog ten bate van die Raad vir Blindes word op Vrydag, 15 Mei vanaf 08h00 voor die Poskantoor gehou.

'n Vriendelike beroep word op die gemeenskap gedoen om, soos die afgelope vyf jaar, hierdie veldtog mildelik te ondersteun.


Vleis Vleis Vleis Vleis

**ZASTRON SLAGHUIS**

TEL. 20 Na-ure TEL. 468

**HOOFDSTR. 25**
**ZASTRON**

**(Besoek gerus ook ons tak te Rouxville)**

***ONS IS VERSKAFFERS VAN***

**Vars vleis**

**Biltong en Droe Wors**

**Tuisgemaakte kouevleis**

**Lekker kerrie sosaties**
**en hoender sosaties**

**Melk en Vrugtesappe**

*KOM BINNE EN OORTUIG USELF*

*VAN DIE BESTE PRYSE OOIT*

Vleis Vleis Vleis Vleis

Gerekenariseerde
BOEKHOU-DIENS
(Brilliant Accounting)

Tot en Met
BALANSSTAAT

*Algemene Grootboek--Kasboek - BTW*
*Debiteure, Krediteure, Voorraadbeheer*
*Alle maandelikse finansiele state*
*en maandelikse verslae*

Skakel
Cathy Cruywagen
Zastron 05552 - 51
of 05542 - 141

## INHEEMSE BOME OP BERG MOET BESKERM WORD

Gedurende die wintermaande van 1991 is baie bome deur die inwoners van Matlakeng uitgekap. Nie minder as 150 vrouens met houtbondels op hulle koppe is in 'n enkele middag getel! Selfs die bekende plantroete is beskadig en genommerde bome, soos Witstinkhout en Olienhoutbome het in die slag gebly.

Weens die toename van plakkers om Matlakeng en die verwydering van die blougombos langs die vliegveld deur die Matlakeng dorpsbestuur, sal daar na alle waarskynlikheid 'n groot houttekort wees en word 'n toeloop van mense na die berg verwag.

Indien dit nie gestuit word nie, sal die plantegroei in Aasvoëlberg, wat een van een van die twee erfenis-gebiede in die Vrystaat is, ernstig bedreig word. Namens die bestuur van die Bewarea word 'n versoek gerig aan inwoners, wat naby die berg woon, om die polisie dadelik in kennis te stel as hout in die berg gekap of verwyder word. Die Munisipaliteit of Bewarea bestuur sal die saak dan verder met die polisie voer.

## OUD, MAAR NOOIT NIE KOUD!

Die Gryswysklub se vergadering onlangs was weer 'n belewenis. Nadat daar heerlik saamgesing is, is 'n video van Mema deur hul leidster, mev. Elsabe Jordaan vertoon.

'n Verskeidenheid insidente en geleenthede waarin Oupa's en Oumas in die lewens van gesinne en families speel, het voor die vyftigtal afgerol. Daarin is gedramatiseer watter groot rol die grootouers in die geestelike opvoeding van hul kleinkinders speel.

Etlike lede wat hul geboortedae gedurende die maand gevier het, is gelukgewens.

# ADVERTENSIES

**Geklassifiseerde advertensies kan aan Posbus 54, Zastron gestuur word. Die koste daaraan verbonde is R5.00 per plasing. Indien dit meer as 20 woorde beslaan, sal dit 'n addisionele R5.00 kos. Let wel geen geklassifiseerde advertensie sal geplaas word indien dit nie vooruitbetaal is nie.**

## TE KOOP

Heerlike Okkerneute in dop te koop @ R15 per kg. Skakel mev. Alta Church, tel Barkly 7030

Die V.L.U. bied 'n tweeplaat gasstoof aan met klein oond in 'n baie goeie toestand. Prys R200.00 Skakel mev. Thea Jordaan, tel. 2012.

'n Wit bababedjie met laai onder te koop. Prys 300.00. Skakel mev. Elsa Labuschagne, tel. 297

Olympia Standaard Elektroniese tikmasjien met linte en korrigeerlinte te koop. Skakel 323 gedurende kantoorure.

# V.L.U.-NUUS

'n Jaar vol interessanthede lê vir lede van die V.L.U. voor en daar word met opwinding uitgesien na groot uitdagings. Kursusse word in Indiese kettingsteek en raamweefwerk beplan. Tydens vergaderings word ook interessante projekte beplan soos vleisbewerking, remediëring tuis, bak demonstrasies en wat die hand vind om te doen. 'n Geleentheid waar gesaghebbendes oor verkragting en/of 'n aanval in jou huis gaan praat, beloof iets groots.

Alle belangstellendes kontak gerus die sekretaresse of voorsitster by tel. 1340 of 2012. Die vergaderings vind maandeliks op die vierde Woensdag om 14h30 in die sysaal van die stadsaal plaas.


**MULTIMARK**

**Reichenbergstraat 30**

**ZASTRON**

**Algemene Handelaar**

**TEL. 10**

*Skakel gerus*

*ons doen aflewerings*



***ONS KRUIK***

*TEL. 502 Ralphstraat, Zastron*

**Daagliks oop tussen 13h00 en 14h00**

**KOM BESOEK ONS GERUS**

Groot verskeidenheid geskenke

Wolmatte wat elke sak sal pas

Probeer ons gesondheidspap en stafies

Potplante

**Potgrond, kompos en kunsmis**



**ONS LEWER GRAAG DIE GESKENK VAN U KEUSE AF BY DIE HOSPITAAL OF TUIS**

**MENSE BUITE ZASTRON BAIE WELKOM OM TE SKAKEL**

**J. FOUCHE & KIE**
*Prokureur*
**Volkskas-gebou** **Tel. 259 Zas**
**Zastron** **Tel. 6 Rxv**

**BELEGGINGS**
*Verbande en Finansiering*

**BOEDELBEPLANNING**
*Testamente en Boedelberedderaars*

**EXACTAX**
*Inkomstebelastingdienste*

**EIENDOM**
*Verkope en Verhuring*

**VERSEKERING**
*Makelaarsdienste*

**CALEDON MAKELAARS BK**
***U onafhanklike Versekerings-makelaars***
U het ons nodig
indien u voel dat u -
* PREMIES TE HOOG IS ....
* PORTEFEULJE HERSIEN MOET WORD ...
* ONAFHANKLIKE ADVIES VERLANG ....
***ONS VERSKAF GRATIS KWOTASIES***
Skakel vandag nog
**ZASTRON TEL. 259**

## OPWINDENDE NAWEEK VIR VIERWIELKLUB

Op Donderdag, 16 April het 74 vierwiel-entoesiaste die pad na die Wildekus met dertien voertuie aangepak.

Die eerste nag is op 'n plaas in die Queenstown-distrik deurgebring en was die byt in die lug genoeg om almal die volgende oggend soos "bevrore worsies" uit hul tente te laat kruip! Nietemin, nadat Thabo van Rooyen 'n Goeie Vrydag-boodskap gebring het, is daar in die pad geval. Na 'n rit van sewe ure en 'n gebarste band, is die pont bereik, en vir menige vierwielvoertuig was dit hul nooiensvaart.

Daardie nag is langs die see tent opgeslaan en oor spanwerk kon niemand kla nie. Gou-gou was die "mik-en-druk" eenkant opgeslaan, elektriese ligte aangelê en 'n kampvuur aangepak. Party van die dapper manne het besluit om in die water "te gaan bad", tot vermaak van die ander. Groot was hul verleentheid toe hul besef dat dit nie die volmaan is wat so op hul skyn nie, maar wel die kolligte van die Hilux-bakkie ....... onnodig om te sê dat daar haastig na dieper waters gevlug is om hul naaktheid te bedek!

Die volgende dag is die son, sand en see met mening aangedurf. Ook 'n varkvang-poging by een van die statte het nie agterweë gebly nie, maar blykbaar was "bakbene" en die Transkei-varke se "fuel-injection" die rede vir hul mislukte pogings. Nadat almal weer veilig oor die pont gevaar het, is daar nes in die karavaanpark te Keimond geskop. Sondag het rustig verloop en die enigste gespartel was dié van die rubberboot op Morgansbaai. Om die waarheid te sê was dáár soveel gespartel dat menige sitvlakke vol blou kolle gepryk het! Maar aan alle goeie dinge kom 'n einde en Maandag is die lang pad huis toe aangedurf.

## BEDRYWIGHEDE GEDURENDE MAART-VAKANSIE

### Rugby

Die onder 13 rugbyspan het na Barkly-Oos en Aliwal-Noord getoer en waardevolle ondervinding opgedoen. Hulle het Aliwal-Noord se onder 13 B-span met 8 - 0 geklop, maar verloor teen Barkly-Oos met 8 - 12.

### Netbal

'n Netbalkliniek is die afgelope vakansie vir Zastron se top-speelsters aangebied. Die dogters het baie baat gevind by die afrigting deur W. Fourie en Technikon-speelsters.

### Voortrekkers

Dertien Hoërskool-leerlinge het die afgelope vakansie 'n Voortrekker-kamp by Doornkloof bygewoon.

Die St. 7- seuns was verantwoordelik vir die etes en hulle moes self alle geriewe, soos tafels, stoele, stoof en yskas, bou. Lesings is vir hulle deur opgeleide veewagters aangebied.


Debatering en redevoering was die belangrikste aspek van die St. 8-kamp. Sunette de Klerk, Zastron se Presidentsverkenner van verlede jaar, het die kamp as offisier bygewoon.

By die St. 9's het die militêre aspek aandag geniet. Hulle het in oorpakke geleef met 'n "geweer" dag en nag aan die sy. Voorwaar 'n uitputtende kamp - maar vir elkeen wat dit "oorleef" het, was dit 'n persoonlike oorwinning.

Die Seniorkamp is sekerlik die hoogtepunt vir elke matriek-Voortrekker. Buiten voorbereiding op die ongenadige grootmenswêreld, is dit ook 'n voorbereiding vir die Hoofleierswag-eksamen wat op 4 Mei geskryf word. Vier Zastronners, Philip, Justin, Izanne en Carli gaan vanjaar die eksamen aflê. Baie sterkte word hul toegewens.

## INTERSKOLE TEEN ROUXVILLE

Zastron se eerste twee netbalspanne slaag daarin om Rouxville die loef af te steek. Die eerste span wen in 'n spannende wedstryd met 26 - 22, terwyl die tweede span met 12 - 7 seëvier. Ongelukkig moes die ander wedstryde as gevolg van reën uitgestel word. Die rugby het gemengde welslae behaal. Ons onder 9 span (30 - 0), onder 13-span (24 - 8) en onder 19 B-span (32 - 4) het goeie oorwinnings behaal, terwyl die onder 11 span (28 - 0) en die onder 19 A-span (21 - 13) die onderspit gedelf het.



# RUGBYKLINIEK MAAK GESKIEDENIS

'n Rugbykliniek is te Zastron aangebied vanaf 27 Maart tot 3 April. Ongeveer 160 skoolseuns het die kliniek bygewoon en het die Hoërskole Koffiefontein, Hentie Cilliers, Winburg, Excelsior, Sasolburg en Zastron verteenwoordig.

Vir die eerste keer in die geskiedenis van S.A.Rugby is 'n skolekliniek saammet senior rugbyspelers aangebied. Senior spanne wat aan die wedstryde deelgeneem het, was die Maties, Oud-studente van Bloemfontein, Griekwa A en B-spanne, Noord-Vrystaat Platteland, Burgersdorp, Aasvoëlberg Subunie, Ladybrand en Zastron.

Aanskoulike rugby is deur die spanne gespeel en die Hoërskool Zastron is bekroon as die span wat die beste rugby gespeel het. Gedurende die kliniek is die seuns afgerig deur mnr. Nelie Smith en die tweede span van die Maties was hom daarmee behulpsaam. Om die seuns in die aand besig te hou, is verskeie inligtingspraatjies gereël. Ds. Paul de Witt het hulle onder andere oor Christenskap en sport toegespreek, terwyl dr. André Swartz meer inligting oor rugbybeserings en die voorkoming daarvan gegee het. Tydens 'n skemerkelk-onthaal het oud-Springbok Piet Wessels as gasspreker opgetree.

Die kliniek het beslis nie net tot voordeel van die seuns gestrek nie, maar die dorp het ook baie baat gevind. Daar is na beraming tussen R60 000 en R70 000 in die dorp gespandeer.

Mnr. Gaaf Botha, hooforganiseerder en sy skakelkomitee kan met reg trots voel op al hul harde werk.


TOPSPORT

Posbus 308 ZASTRON Tel. 343

SPORT-AFDELING

* Sweetpakke * Sportsakke
* Sportbroeke
* Verskeidenheid hemde
* Tennisklere * Sportkouse
* Skoene vir alle sport
* Sportballe
* Gholftoerusting

GEHALTE & KWALITEIT IS ONS LEUSE

MATERIAAL-AFDELING

* Rokmateriaal * Satyn
* Kaasdoek * Breistowwe
* Sweetpakmateriaal
* Winterslap * Satynlint
* Naaldwerkbenodigdhede
* Verskeidenheid garing
* Kant

# ZASTRON TENNISKLUB

Zastron Tennisklub se kampioenskappe het weereens vanjaar 'n hoogtepunt bereik. Vier-en-veertig inskrywings is ontvang en danksy die mildelike bydraes van die plaaslike besighede was daar pryse ter waarde van R1 500 op die spel.

Die uitslag was as volg:

**Kampioenskappe**

Dames Enkels: Dorette van Rooyen en naaswenner Lerina Mulder.
Mans Enkels: Tabu van Rooyen en naaswenner Johan van Tonder
Dames Dubbels: Dorette van Rooyen en Hester Hattingh
Mans Dubbels: Tabu van Rooyen en Alex van Rensburg
Gemengde Dubbels: Dassie Fouché en Dorette van Rooyen

**Plaat-afdeling**

Dames Enkels: Christel Henning en naaswenner Petro Fouché
Mans Enkels: Heinrich Hoffman en naaswenner Albert Swart
Dames Dubbels: Elsuna Church en Christel Henning
Mans Dubbels: Heinrich Hoffman en Albert Swart
Gemengde Dubbels: Steyn Swanepoel en Renske Jordaan

**Program**

Die bestuur van die klub het 'n interessante jaarprogram opgestel om tennis plaaslik te bevorder. Die tweede kwartaal word afgeskop met 'n ope uitnodiging aan Vanstadensrus Tennisklub om op 25 April op Zastron te kom tennis speel. Op 9 Mei vind 'n Oos-Damesdag op Wepener plaas en 'n Oos-Mansdag word op Tweespruit en Vanstadensrus aangebied.


**RENIERSHOF**

Tielmanrooslaan
Zastron
TEL. 315

**Muurbal**

**Tafeltennis Poeltafel**

**Apparaatwerk**

**Oefeninge**

*Callanetics - Maandae & Woensdae*
*17h15 tot 18h00*
*Lae impak aerobiese oefeninge*
*Dinsdae & Donderdae om 17h15*

**Stoei**

*Maandae & Donderdae 18h00 - 19h00*

**LEDEGELD**

Enkelpersoon - R120.00
Gesin van twee - R170.00
Gesin van drie & meer - R190.00

**WIELIE WALIE SPEELGROEP**

**Maandae & Woensdae**
**& Vrydae 09h00 - 12h00**

**SAAL TE HUUR**


Op 30 Mei is dit 'n ope uitnodiging aan alle buurdorpe om aan die wisselkompetisie op Zastron te kom deelneem. Op 13 en 20 Junie is dit weer tyd vir kampioenskappe.

## ZASTRON GHOLFKLUB

'n Mini borgdag is op 18 April gehou. Dié dag het vir 'n paar groot verrassings gesorg: 1. Mike Smith (40) 2. Les Higgs (40) 3. Charles Levy (39) 4. Roux Fouche (38) 5. Susan Stevens (37) 6. Phil Neads (37) 7. Paul de Witt (36) 8. Bill Shaer (36) 9. Louis Stevens (35)

Die meeste gholf is deur Bob Breen gespeel wat net agt punte kon behaal! Die naaste aan die pen was Leonard van Rensburg. Hy kon net nie daarin slaag om 'n vyfduim sethou in te slaan vir 'n spog twee nie. Die langste dryfhou is deur Sandra Cusens wat die mans lelik op hul neuse laat kyk het - sy is die tweede vrou in die klub se geskiedenis wat hierin kon slaag.

Ander nuus is Paul de Witt en Dermott Cusens wat vir Suid-Vrystaat-op 2 Mei sal speel teen Wes-Transvaal A.

FINANSIëLE ADVIESDIENS

OU MUTUAL

KRY MEER UIT DIE LEWE

*Kontak Frik Smit*
*Tel. 131*
*Ou Mutual*
*VLK-gebou*
*Zastron*

MUTUAL & FEDERAL VERSEKERING

rotsvas

Bates oorskry R600 miljoen, solvensiedekking meer as 90%

## ONS TAALHOEKIE

Jy hoef jou nie aan sy grootpratery te steur nie ..... As hy snoes, moet jy koes.

Verlede week hoor ek hoe sekeres iets konstateer en mekaar wil oortuig en presies dieselfde sê maar uit verskillende monde:
Die onnie: **Die meeste mense** sê dit is reg.
Die anglisis: **Meeste mense** sê dit is reg.
Die winkelier: **Mense** sê dit is reg.
Die boer: Dit is reg!

Met Afrikaans kan jy maklik met 'n twaalfspan-wa in Zastron se straat .... hoofstraat of Hoofdstraat draai. Of is dit vir jou om't ewe, om de ewe of om die ewe? Die lidwoordjie DIE spook soms by ons en verklaar die spreker as outyds of nuwerwets: Die wêreld (die) draai en die wind (die) waai.

Die Nederlanders se DE het op eienaardige maniere in ons omgangstaal .... ook gekruide taal bly steek. Tannie daar in die kombuis, Omie by die dip of op die landè, Voetganger voor 'n wille-wragtie-motor, ens. Zastronners, julle wat wel al iewers DE gebruik het, ons luister/lees graag dié maand van jou. Ons sal nie DE HAMER/MOER in wees as ons iets van jou hoor of lees nie!! OMIE

# Maluti Hotel
## ZASTRON



OP DIE HOOGLANDROETE
ON THE HIGHLAND ROUTE

*Hier vind u persoonlike aandag en maaltye voorberei*
*in die fyn tradisie van koskenners!*

*Die Renier de Winnaar-kuierkombuis bied u*
*ligte middagetes teen minder as R10,00.*

*Kom geniet gerus 'n koppie boeretroos*
*en smaaklike tuisgebak.*

**DIE HOTEL WAT ZASTRON BEKEND GEMAAK HET!**

# Zastron

*DIE DORP MET 'N TOEKOMS • DIE DORP MET GROEIKRAG*

**HIER VIND U:**

☆ Ongeëwenaarde natuurskoon en puik ontspanningsgeriewe ☆
☆ Ideaal geleë woon- en nywerheidspersele teen redelike pryse ☆
☆ Munisipale dienste teen besonder billike tariewe ☆
☆ 'n Gesonde, gematigde klimaat ☆
☆ Puik woonwapark ☆
☆ Vakansieplase ☆
☆ Forel-vangste ☆
☆ Staproetes ☆
☆ Puik hotel en verskeie toerisme-aantreklikhede ☆

**ONS NOOI U:**

*Kom besoek Zastron en vestig u hier*

Vir nadere besonderhede skakel met

**DIE STADSKLERK, POSBUS 20, ZASTRON 9950**
Tel (05542) 18

Sentrapers 14638